J.P. BRITS
*The Penguin concise dictionary of historical and political terms*
Johannesburg: Penguin Books
1995
285 pp
R50
ISBN 0-14-051352-3

Prof. J.P. Brits is verbonde aan die Departement Geskiedenis van die Universiteit van Suid-Afrika en die outeur van verskeie publikasies waaronder *Tielman Roos: political prophet or opportunist* (1987), *Doing History* (1993) en *Op die vooraand van apartheid* (1994).

Hierdie publikasie word deur die uitgewer bekend gestel as 'n praktiese en verstaanbare naslaanbron vir studente. Die teikenmark vir dié woordeboek is, volgens die uitgewer, studente in Geskiedenis en Politieke Wetenskappe op matriek- en eerstejaarsvlak. Afhangende van wat die leser van die publikasie verwag, kan die teikenmark egter ook na tweede- en derdejaarstudente en selfs nagraadse studente en dosente uitgebrei word.

Die studieveld wat die woordeboek bestryk, behels historiese en politieke begrippe of terminologie met spesifieke verwysing na dié begrippe relevant vir Suidelike Afrika. Alhoewel die klem dus op Suidelike Afrika val, word verskeie ander begrippe in die geskiedenis en politiek van Europa, die Amerikas, Asië en die Midde-Ooste egter ook omskryf. Spesiale aandag word aan die sogenaamde Derde Wêreldlande verleen.

Politieke, historiese en staatkundige terminologie en begrippe; die vernaamste -ismes; organisasies en politieke partye; wetgewing; beleidsrigtings; asook gebeurtenisse soos verdrae, veldslae en oorloë word alfabeties en met volledige kruisverwysings (kursief gedruk), in eenvoudige en duidelike taal bespreek en verduidelik. Afkortings en akronieme word ook aangedui en verduidelik.

Wanneer 'n mens hierdie publikasie met soortgelyke publikasies soos *The American political dictionary* van J.C. Plano en M. Greenberg en *The Oxford reference dictionary of twentieth-century history, 1914-1990* van P. Teed, vergelyk, kan die woordeboek van Brits te simplisties voorkom. Dit is egter juis dié aspek van Brits se publikasie wat waarde en trefkrag aan die woordeboek verleen: die woordeboek is **nie** bedoel om breedvoerige en uitgebreide besprekings van terminologie te verskaf nie, maar bloot net om die leser vinnig en sonder omhaal van woorde aan die kern van die vernaamste gebeurtenisse of begrippe bekend te stel. In hierdie doel slaag die werk beslis. Indien die leser meer breedvoerige verduidelikings van byvoorbeeld die goudstandaard (p. 99) verlang, sal die werk van Brits teleurstel.

Die woordeboek is deur myself, veral ten opsigte van die Europese Geskiedenis, ca. 1900-1939, breedvoerig deurgewerk en in voorlesings op tweedejaarsvlak met groot vrug aangewend. Veral die begrippe, gebeurtenisse en partye relevant tot Russiese geskiedenis was van groot nut: hier kan veral die kernagtige en baie juiste verduidelikings van Marxisme-Leninisme (p. 151), Stalinisme (p. 240) en Trotskiïsme (p. 256) vermeld word. Ook verduideliking van die Russiese begrippe, soos *duma* (p. 73), *kolkhoz* (p. 132), *kulak* (p. 133) en *soviet* (p. 237), is van groot waarde. Die uiteensetting van die Russiese ekonomiese beleide - kollektivisering (p. 49), Nuwe Ekonomiese Beleid (p. 176) en oorlogskommunisme (p. 273) is besonder

bruikbaar. Tog ontbreek enkele aspekte: so word daar byvoorbeeld na die Oktobriste (p.182) verwys, maar nie na die ander faksie binne die konstitusioneel-demokratiese politieke groepering, naamlik die Kadette nie, terwyl beide die faksies binne die sosiaal-demokratiese politieke groepering vermeld word - sowel die Bolsjewiste (p. 34) as die Mensjewiste (p. 153).

Wat Europese geskiedenis betref, is hierdie werk 'n baie nuttige naslaanwerk vir algemene historiese, politieke en staatkundige begrippe: begrippe soos absolutisme (p. 1), outokrasie (p. 18), demokrasie (p. 67), magsbalans (p. 23), kapitalisme (p. 42) en sosialisme (p. 227), kollektiewe sekuriteit (p. 49), nasionalisering (p. 168), nasionalisme (p. 168), proporsionele verteenwoordiging (p. 200) en nog vele meer word duidelik en kernagtig verduidelik.

Die eenvoudige verduideliking van redelik komplekse ekonomiese begrippe soos die Depressie (p. 100), deflasie (p. 67), devaluasie (p. 69), goudstandaard (p. 99) en inflasie (p. 118) verhoog die waarde van hierdie publikasie vir die Geskiedenisstudent (en selfs -dosent). Die insluiting van Duitse woorde en hul betekenis - *Anschluss* (p. 15), *Bundesrat* (p. 39), *Bundestag* (p. 39), *Führer* (p. 94), *Gestapo* (p. 97), *Herrenvolk* (p. 106), *Kaiser* (p. 128), *Lebensraum* (p. 138), *Putsch* (p. 202), en nog vele meer - is veral nuttig.

Die oorsigtelike, kernagtige en duidelike uiteensetting van veldslae (*Battle of the Atlantic*, p. 20) en oorloë (Eerste en Tweede Wêreldoorlog, pp. 277 en 278), wat nie juis op skool en universiteit behandel word nie, maar waarvan tog kennis gedra moet word, is van groot waarde.

'n Enkele aspek rakende Europese geskiedenis wat egter ontbreek en myns insiens beslis opgeneem moes gewees het, is 'n verduideliking van die begrip Nasionaal-Sosialisme. Die begrippe nasionalisme (p. 168), sosialisme (p. 227) en *Nazi* (p. 173) word wel bespreek.

Ook wat die Suid-Afrikaanse geskiedenis betref, stel die werk nie teleur nie: aspekte soos die Inligtingskandaal (pp. 118-119), CODESA (p. 49), die Soweto-onluste (p. 238), Apartheid (p. 16) en bykans alle Suid-Afrikaanse politieke partye en kulturele organisasies word in die werk aangestip.

Hierdie woordeboek is 'n werk wat met groot vrug deur Geskiedenisleerlinge, -studente en -dosente in hul bestudering van historiese gebeure en tendense aangewend kan word. Die bedoeling van hierdie werk, naamlik 'n kernagtige naslaanwerk wat die leser aan gebeure, partye, begrippe en oorloë bekendstel en nie noodwendig 'n uitgebreide en breedvoerige bespreking van genoemde aspekte nie, moet egter altyd voor oë gehou word.

KARINA SEVENHUYSEN
*Universiteit van Pretoria*